higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 2

(11020312)

20 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCNW

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Voertuig wat gevaarlike goedere vervoer en wat 'n bruto voertuigmassa van meer as 3 500 kg het, moet voldoen aan die …

A EIA (Energie-inligtingsadministrasie).
B IAMS (Internasionale Assosiasie vir Mens-Omgewingstudies) ('IAPS').
C SAOI (Suid-Afrikaanse Omgewingsimpak) ('SAEE').
D PVGS (Padvervoergehaltestelsel) ('RTQS').

1.1.2 Sakebestuursetiek verwys na …

A 'n stelsel van morele beginsels.
B 'n keuse om die regte ding te doen.
C 'n stel reëls van die boonste bestuursvlak wat omskryf wat reg en wat verkeerd is binne 'n organisasie.
D die sakebestuursplan.

1.1.3 'n Nuttige manier om te verseker dat al die nodige herstelwerk gedoen word:

A Onderhoud
B Onderhoudskoste
C Onderhoudsherstel
D Kontrolelys ('Checklist')

1.1.4 … fasiliteer die sekuriteit van petroleumprodukvoorsiening.

A ABD (Aanboorddiagnostiek ('OBD')
B PBT (Persoonlike Beskermende Toerusting ('PPE')
C 'SAPIA' (Suid-Afrikaanse Petroleumbedryf-assosiasie)
D SAPD (Suid-Afrikaanse Polisiediens)

1.1.5 Petroleumprodukte word gewoonlik in 'n … toestand vervoer.

A damp- ('vaporous')
B olie-vloeistof-
C petrol-vloeistof-
D vloeibare

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 'n Veiligheidsbeampte is verantwoordelik vir die gebruik van enige klas motorvoertuig.

1.2.2 Lugvervoer is die beste manier om swaar en duur toerusting te vervoer.

1.2.3 Aanboorddiagnostiek by motors verwys na die self-diagnostiese en rapporteringsvermoë van voertuie.

1.2.4 Geen onderhoudsplan kan werklik suksesvol wees nie tensy die sukses daarvan gemeet kan word.

1.2.5 Motorvoertuie het 'n belangrike vorm van landvervoer geword.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Eerlikheid en regverdigheid ('fairness') word gesien as … in die vervoerbedryf.

1.3.2 Die Nasionale Verkeersinligtingstelsel ('eNaTIS') is 'n wet wat gebruik word om voertuie te …

1.3.3 Wanneer 'n persoon een of meer of 'n vloot voertuie gebruik om goedere en mense te vervoer, word dit sake-… genoem.

1.3.4 Wanneer 'n voertuig 'n swaarder vrag dra as wat verwag of wetlik vereis word, word dit … genoem.

1.3.5 'n Plek waarvandaan jy langafstandvlugte kan onderneem word 'n … genoem.

(5 × 1) (5)

1.4 Kies die korrekte woord of woorde uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Goederevoertuie met 'n BVM ('GVM') van meer as 3 500 kg tot by 9 000 kg word tans beperk tot 'n maksimum spoed van (80 km/100 km) per uur.

1.4.2 (Bemarkings-/Vloot-) bestuur sluit voertuigopsporing ('vehicle tracking') in.

1.4.3 Lug, water en land is verskillende (maniere/stelsels) van vervoer.

Kopiereg voorbehou

1.4.4 Die loopkoste van voertuie word (vaste/veranderlike) koste genoem.

1.4.5 (Uber/Private) vervoer is waar die passasier 'n motor ontbied met sy slimfoon en die drywer dan na die plek gaan waar die passasier is.

(5 × 1) (5)

1.5 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	Depresiasie	A	die waarskynlikheid van 'n negatiewe gebeurtenis wat deur eksterne of interne faktore veroorsaak kan word
1.5.2	Petroleum		
1.5.3	Wetgewing	B	koördinering en balansering van die botsende belange van alle lede en belanghebbendes
1.5.4	Risiko		
1.5.5	Leierskap	C	beheer en bestuur van alle vorme van vervoerbeweging
		D	brandstof en smeermiddels
		E	hystoestel wat gebruik word om ligte toerusting oor riviere te vervoer
		F	vermindering in die geraamde waarde van 'n bate

(5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

Vervoer bevorder ekonomiese groei en ontwikkeling, en waarborg nasionale integrasie. Sonder vervoer ly lewensgehalte skade. Dit dra daartoe by dat kulture ontwikkel word en met mekaar in aanraking kom.

(Vervoerbedryf Vlak 2 Leerdergids p4)

2.1 Omskryf die term *vervoer*. (2)

2.2 Verduidelik kortliks die DRIE sektore van ekonomiese aktiwiteite in 'n bedryf, soos geklassifiseer deur die Suid-Afrikaanse Industriële Klassifikasiekodes ('SIC-codes'). (3 × 2) (6)

2.3 Noem die sektor van die ekonomie waarvan vervoer deel uitmaak. (1)

2.4 Veronderstel dat jy 'n operateur in 'n vragmotorvervoeronderneming is.

Dui enige DRIE stukke wetgewing aan wat jou sakebedrywighede sal beïnvloed en wat jy in ag moet neem. (6)

2.5 Bespreek die uitwerking van vervoerbedrywighede op die omgewing. (9)

2.6 Hoe sal jy pro-aktiewe strategieë implementeer om onetiese gedrag by die personeel in jou vervoeronderneming te verhoed? (6)
[30]

VRAAG 3

3.1 Watter VYF toesighoudende aktiwiteite sal jy, as toesighouer in die vervoerbedryf, verrig sodat die onderneming glad loop? (10)

3.2 Teken TWEE kaarte of diagramme om 'Oneffektiewe roetebepaling' en 'Effektiewe roetebepaling' aan te toon en fokus op die beginsel 'Twee roetes moet nie oorvleuel nie'. (2 × 6) (12)

3.3 Noem DRIE belangrike dinge of punte wat die vervoerbedryf in ag moet neem sodat dienslewering nie 'n negatiewe uitwerking op sy vervoerbedrywighede sal hê nie. (3 × 1) (3)
[25]

VRAAG 4

4.1 Die mensebetrekkinge-bestuurder en die bedryfsbestuurder in die padvervoerbedryf moet seker maak dat daar aan tegniese en wetlike vereistes voldoen word.

Gee enige EEN hoofvereiste wat die onderneming moet nakom. (1 × 2) (2)

4.2 Onderskei tussen *voorkomende onderhoud* en *reaktiewe onderhoud*. (7)

4.3 Stel 'n daaglikse kontrolelys op van SEWE dinge wat nagegaan moet word voordat die voertuig aangesit word. (7)

4.4 Jy is 'n vragmotorbestuurder wat diesel na vulstasies toe vervoer.

Gee enige TWEE algemene prosedures wat gevolg moet word wanneer jou produk gelaai en afgelaai word. (2 × 2) (4)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 75
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou